

Voedselinflasie het 'n invloed op voedselsekerheid

Xikombiso Mbhenyane*

Wêreldvoedseldag, wat jaarliks op 16 Oktober gehou word, dien om ons daaraan te herinner dat baie nog gedoen moet word om hongerte, wanvoeding en voedselonsekerheid wêreldwyd te beëindig. Die dag fokus ook op die behoefte daaraan om te verseker dat almal toegang tot genoeg voedsame voedsel het. Die tema vir 2022, 'Moet niemand agterlaat nie', is dus baie gepas.

Die Verenigde Nasies is egter bekommerd dat ons nie die tweede Volhoubare Ontwikkelingsdoelwit (VOD2) van 'zero hongerte' teen 2030 sal kan bereik nie. Een van ons grootste uitdagings is stygende voedselpriese.

Voedselpriese wêreldwyd het weens verskeie redes die hoogte ingeskiet. Die huidige oorlog tussen Rusland en Oekraïne beïnvloed die beskikbaarheid van graan en brandstof. Dit beteken nie net minder graan vir die wêreld nie, veral vir mense in ontwikkelende lande, maar ook stygende brandstofprie. Hierdie styging beïnvloed ook die vervoer van voedsel, wat tot hoë voedselpriese lei, en uiteindelik mense se toegang tot gehaltevoedsel beïnvloed.

Dit word al hoe moeiliker om hongerte, wanvoeding en voedselonsekerheid aan te spreek in die lig van die aanhoudende styging in voedselpriese. Dit geld veral vir 'n land soos ons s'n met sy hoë werkloosheidsyfer en armoede. Volgens *Trading Economics* was Suid-Afrika se gemiddelde voedselprieseinflasie 6,07% per jaar tussen 2009 en 2022, met hierdie tydperk wat die hoogste vlak in styging bereik het. Verder word die prys van 'n ete op R305 geskat, met ontbyt se waarde wat wissel, afhangende die voedsel wat geëet word. Dit is nie goeie nuus vir die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners wat in armoede lewe nie. Om voldoende voedselsekerheid te bereik, moet die vier aspekte van voedselsekerheid gelyktydig bereik word. Dit is die beskikbaarheid, toeganklikheid, benutting en stabiliteit van voedsel. Voedselpriese speel 'n groot rol in die toegang tot voedsame voedsel, en dit is belangrik om programme in werking te stel wat hierdie toegang vir die bevolking kan verhoog sodat voedselonsekerheid verminder kan word.

Ons moet ook nie die invloed van die Covid-19-pandemie, veral intervensies soos algehele inperkings, op voedselsekerheid onderskat nie.

Ten slotte...

Met 2030 wat nie meer ver is nie, het ons nie baie tyd oor om die doelwit van 'zero hongerte' te bereik nie. Indien ons sukses wil behaal, moet ons begin om vinnig langdurige oplossings te vind. Ons moet saamwerk om voedselinflasie te laat daal sodat meer mense gesonde voedsel van 'n hoë gehalte kan bekostig. Ons moet ook volhoubare en lewenskragtige voedselstelsels vir voeding en gesondheid skep. Vanjaar se Wêreldvoedseldag is die perfekte tyd om daarmee te begin.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Prof Xikombiso Mbhenyane is die hoof van die Afdeling vir Menslike Voeding in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.**